

WEES LIEF VIR MEKAAR, WANT GOD VRA DIT en WIL DIT Hê!

1. **LEES** Romeine 13: 8-10
 2. **DEEL:** Wat staan vir jou uit/spreek jou aan in hierdie 3 verse?
 3. **BESPREEK DIE VOLGENDE PAAR PUNTE:**
 - a. **Wie moet liefde gee?**
*Is die volgende stelling waar? Die lewende God praat eintlik met elke liewe lidmaat, m.a.w. ook van **jou** vra Hy dit (selfs al dink jy dalk liefde is 'n gawe en jy het dit nie)*
 - b. **Wat moet ons onder liefde verstaan?**
Filos, Eros, Agapé: watter soort is dit wat van jou gevra word teenoor ander mense?
 - c. **Aan wie moet liefde gegee word?** Wat maak dit moeilik om met gemak aan sekere mense liefde te gee?
 - d. **Wie vra dat jy liefde gee?** God self wil dit hê. Maar dan is dit mos iets waaraan ons erns moet gee! **Hoekom sukkel ons steeds dan om lief te hê?**
 - e. **Het jy liefde om te kan gee?** Ja, die Heilige Gees gee jou hierdie liefde (as deel van vrug van die Gees). Maar jy moet dit beoefen!
 4. **Waarom liefde in die kerk aan ander lidmate gee? Is die volgende stellings waar?**
 - *Liefde bind gelowige lidmate aan God*
 - *Liefde bind lidmate aan mekaar (kan julle voorbeeldelike noem?)*
 5. **Gee 'n tydjie vir Persoonlike refleksie:** wie is daar in die gemeente aan wie jy meer liefde moet gaan bewys? Dink/Bid: Hoe gaan jy dit doen? Wanneer?
 6. **BID as /in groep:** Vra die Here om ons as individue en ons as gemeente te help/te wys tot groter liefde vir mekaar en ander
- Naskrif:** onthou om biddend te besin oor **jou Dankoffer se grootte/verhoging**, en oor **watter Bediening/Taakspan** jy by kan inskakel (hou afkondigings dop vir vergaderings en gaan woon by; dis gewoonlik op "n Maandagaand)